# Die seerowers en die spookskip

**Kobus Geldenhuys, Jonny Duddle**
Vertaal deur Kobus Geldenhuys

ISBN: 9780798181136
Uitgewer: Human & Rousseau
Datum vrygestel: Augustus 2020




Leesgids saamgestel deur:
Angelique van Biljon & Henk Viljoen

Hierdie leesgids kan vir Afrikaans HT/EAT Graad 4-5 gebruik word.

Hierdie gids mag gratis in die klas gebruik word. Geen dele van hierdie gids mag kommersieel versprei of verkoop word sonder die toestemming van die uitgewer nie.

# Inhoudsopgawe


**BENADERING TOT LEES** 4

**DIE LEESPROSES** 4

Prelees

Tydens lees

Postlees

**PRELEES** 6

**LEESSTRATEGIEË** 6

Voorspel

Loerlees

**WOORDSKATKIS** 7

**DELE VAN 'N SEEROWERSKIP** 9

**OPSOMMING VAN DIE VERHAAL** 11

**DIE BOEK SE OMSLAG** 13

**ELEMENTE IN DIE BOU VAN DIE VERHAAL** 14

**KARAKTERS IN DIE VERHAAL** 17

**TYDENS LEES** 20

Proloog 20

Hoofstuk 1: Die Museum 21

Hoofstuk 2: Die Nuus 23

Hoofstuk 3: Paniek! 25

Hoofstuk 4: Juf. Pinkie 27

Hoofstuk 5: Die Swart Tier 29

Hoofstuk 6: Oupa vertel 30

Hoofstuk 7: 'n Plan 32

Hoofstuk 8: Die Sleutel van Siele 34

Hoofstuk 9: Volmaan 36

Hoofstuk 10: Die bekrek 37

Hoofstuk 11: Aan boord van die spookskip 38

Hoofstuk 12: Die tweegeveg 39

Hoofstuk 13: Basjan is vas 41

Hoofstuk 14: Die kis van siele 42

Hoofstuk 15: Sonop 43

**POSTLEES** 44

**BLOKKIESRAAISELS: HERSIENING** 44

Hersiening: Hoofstuk 1-3 44

Hersiening: Hoofstuk 4-6 45

Hersiening: Hoofstuk 7-9 46

Hersiening: Hoofstuk 10-12 47
Hersiening: Hoofstuk 13-15 48
**WOORDSOEK** **49**
**TOETSE** **50**
Luistertoets
**KREATIEWE SKRYFIDEES** **51**
Ontwerp jou eie seerower
Ontwerp jou eie seerowerskip
Ontwerp 'n kaart van Grootgaapbaai
**KREATIEWE SKRYFWERK** **53**
Dagboekinskrywing
Dialoog
Instruksies
Vriendskaplike brief
**MEMORANDUM** **55**

## BENADERING TOT LEES

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal beklemtoon die belangrikheid van lees in die klaskamer.

Dit is belangrik dat leerders goeie leesvaardighede ontwikkel vir deelname in die gemeenskap en werksopset. *"Leerders ontwikkel leesvaardighede en soek inligting in 'n wye reeks literêre en nieliterêre tekste, insluitend visuele tekste. Leerders herken en besef hoe genre en register die doel uitbeeld."* Leerders se kritiese en kreatiewe denke ontwikkel as hulle in die klas, en onafhanklik, aan 'n wye verskeidenheid tekste blootgestel word.

'n Verskeidenheid leesmetodes soos groepsbegeleide lees, selfstandig lees en lees in pare kan gebruik word om leerders aan te moedig om selfstandig te lees. Moedig ook die leerders aan om op hul eie boeke te lees waarvan hulle hou.

Onderwysers moet ook 'n verskeidenheid leesbegripsaktiwiteite opstel om seker te maak dat leerders verstaan wat hulle lees.

Visualiseer wat gelees word.

Leerders moet aanhou lees al verstaan hulle nie sekere dele nie.

Leerders lees gedeeltes weer oor indien hulle dit glad nie verstaan nie. Lees dele hardop en teen 'n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is.

## DIE LEESPROSES

Die leesproses bestaan uit **prelees**, **tydens lees** en **postlees.** Aktiwiteite sluit die volgende in:

**Prelees**

- Aktiveer bestaande kennis.
- Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die verskyningsdatum is.
- Lees die eerste en laaste paragrawe van 'n afdeling.
- Maak afleidings.

**Tydens lees**

- Neem ruspouses om leerders se begrip te toets en idees te laat insink.
- Vergelyk die inhoud met wat afgelei is.

- Maak gebruik van die inhoud om waar moontlik die betekenis van onbekende woorde vas te stel, anders kan 'n woordeboek gebruik word.
- Leerders moet kan visualiseer wat gelees word.
- Leerders moet aanhou lees al verstaan hulle nie sekere dele nie.
- Leerders lees gedeeltes weer oor indien hulle dit glad nie verstaan nie. Lees dele hardop en teen 'n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is.
- Leerders kan 'n maat vra om te help om moeilike gedeeltes te verstaan.
- Maak leesmerke en notas van hoofpunte.
- Leerders lewer verslag oor wat gelees is.

**Postlees**

- Ontwerp 'n grafiese voorstelling (kopkaart/diagram) of wys hoofgedagtes uit en maak ’n paar ondersteunende notas om spesifieke inligting later te herroep.
- Maak afleidings.
- Maak 'n opsomming om hoofgedagtes te kan herroep.
- Leerders dink na oor die onderwerp en stel nuwe vrae daaroor saam.
- Leerders vra vrae om vas te stel of hulle hul doel bereik het.
- Leerders stel vas of hulle die teks verstaan.
- Evalueer die kwaliteit en inhoud van die teks, en vooroordeel of partydigheid.
- Leerders verbreed hul denkvermoë – gebruik idees wat in die teks voorkom.

(Uit: *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring - Intermediêre fase Graad 4-6 bladsy 10, 11)*

# PRELEES

## LEESSTRATEGIEË

Verskillende leesstrategieë kan tydens lees gebruik word. Gebruik die volgende twee voorbeelde tydens die prelees fase om die leerders se belangstelling vooraf te prikkel.

### 1. VOORSPEL

**Voordat ons die verhaal lees, moet julle eers jul opinie gee.**

- In die onderstaande tabel is daar vyf stellings wat gemaak word. Besluit of jy daarmee saamstem of nie en omkring jou keuse in die linkerkantste kolom (Voor jy lees).
- Nadat die stellings in die klas bespreek is, gaan julle die verhaal lees.
- Wanneer julle die verhaal klaar gelees het, moet jy teruggaan na die tabel en besluit of jy met die nuwe inligting wat jy het, nog saamstem met jou keuse by elke stelling. Merk jou nuwe keuse in die regterkantste kolom.
- Vergelyk dan jou antwoorde.
- Dit kan wees dat jou opinie nou verander het. Waarom dink jy is dit so?

| Voor jy lees | Stellings | Na jy gelees het |
|---|---|---|
| Stem saam/nie saam nie | Die boek gee vir my meer inligting oor seerowers. | Stem saam/nie saam nie |
| Stem saam/nie saam nie | Die boek is 'n bangmaakstorie. | Stem saam/nie saam nie |
| Stem saam/nie saam nie | Die boek handel oor twee kinders wat maak asof hulle seerowers is. | Stem saam/nie saam nie |
| Stem saam/nie saam nie | Die hond is die hoofkarakter in die boek. | Stem saam/nie saam nie |

## 2. LOERLEES

Gebruik jou leesvaardighede om die boek bietjie te verken. Kyk wie kan eerste al die antwoorde vind.

**Beantwoord die volgende vrae in groepe:**

1. Hoeveel skedels/kopbene verskyn op die omslag? (1)

   ______________________________________________________________________

2. Uit hoeveel hoofstukke bestaan hierdie leesboek? (1)

   ______________________________________________________________________

3. Blaai na die titelbladsy. Aan wie is die boek opgedra? (1)

   ______________________________________________________________________

4. Noem die TWEE ooggetuies se name op bladsy 23. (2)

   ______________________________________________________________________

5. Gee die titel van hoofstuk 8. (1)

   ______________________________________________________________________

6. Hoeveel seerowers verskyn op bladsy 128? (1)

   ______________________________________________________________________

7. Heel agter in die boek is die "Gids tot die seerowertaal". Wat is 'n *skonk*? (1)

   ______________________________________________________________________

8. Op watter bladsy sal jy die volgende prentjie vind? (1)

   Bladsy___________

9. Skryf die boek se ISBN-nommer neer (1)

   ______________________________________________________________________

**Totaal: 10 punte**

## WOORDSKATKIS

### Vir die onderwyser

- Maak 'n afdruk van die **Woordskatkis** op die volgende bladsy en gee vir elke leerder 'n kopie.
- Die leerder kan gebruik maak van 'n woordeboek om onbekende woorde na te slaan en die betekenis neer te skryf.

### Voorbeelde van addisionele aktiwiteite


- Gebruik die nuwe woord in 'n sin van jou eie.
- Die woorde kan ook uitgeknip word en die volgende woordspeletjies kan gespeel word:
  - *Woorddomino's*:
    - Plaas 'n woord, die volgende leerder moet dan 'n woord plaas waar die beginletter van die woord ooreenstem met die laaste letter van die vorige woord. Byvoorbeeld: krie**l** **l**eerstewel**s** **s**wetterjoel
  - *Snap*:
    - Maak verskeie afskrifte van die **Woordskatkis**.
    - Knip elke woordblokkie uit. Die kaartjies kan ook gelamineer word.
    - Leerders speel in groepe of pare.
    - Sodra dieselfde woord op die woord in die middel geplaas word, skreeu die leerder snap, spel die woord én gee die betekenis. Die leerder neem dan al die kaartjies wat in die middel lê.
    - Die een met die meeste woordkaartjies, is dan die wenner.

| | | | |
|---|---|---|---|
| kriel | paniek | kraaines | allergies |
| leerstewels | angstig | boegspriet | hinkepink |
| skarminkels | brandkluis | keistene | gryphaak |
| stegiekamera | stampvol | meerpaal | kwartiermeester |
| plunder | luik | kaai | dobber |
| dronkgeslaan | oudhede | knoetserig | onheilspellende |
| swetterjoel | pennings | haakhand | takelwerk |
| besope | grammofoon | rampspoedige | grynslag |
| ooggetuies | perkamentrol | hinderlaag | letsel |
| strooptog | koerantknipsels | verseg | verstekeling |

## DELE VAN ’N SEEROWERSKIP

**Vir die onderwyser**

Gebruik die volgende uitleg om die leerders 'n visuele beeld van ’n seerowerskip te gee.



## OPSOMMING VAN DIE VERHAAL

Arnoldus Ginnegaap sit en geniet sy koppie tee. Hy hoor geluide in die stegie. Die stegiekamera tel geen beweging op nie. Hy gewaar seerowers in die museum.

Gaap-TV bevestig dat Grootgaapbaai se museum geplunder is. Die sekuriteitskameras toon geen teken van die inbrekers nie. Matilda eet Skedelvlokkies en luister na die radio. Matilda skryf ’n brief aan haar beste seerowervriend, Basjan, om uit te vind of hy iets van die inbrake weet.

Daar heers paniek in Grootgaapbaai. Die Grootgapers doen alles in hul vermoë om hul skatte veilig te hou. Die dorp se slotte is uitverkoop en die Grootgapers soek ander maniere om hul huise veilig te hou. Kaptein Kleitrap weet dat die plunder altyd tydens volmaan plaasvind.

Juffrou Pinkie, Matilda se buurvrou, wil nie hê die seerowers moet haar broer se oorlogsmedaljes steel nie. Sy gaan al haar skatte in haar kelder wegbêre. Matilda gewaar 'n vreemde sleutel in juffrou Pinkie se sleutelkas. Basjan het laat weet dat hy op pad is na Grootgaapbaai. Matilda wag vir Basjan by die hawe.

Basjan se oupa ken die seerowers wat Grootgaapbaai moontlik geplunder het. Basjan se pa sal Matilda later huis toe neem. Matilda gee vir Oupa Van Der Brander 'n koerantuitknipsel. Oupa sê dit is Kaptein Krulbaard en sy bemanning was die mees gevreesde seerowers. Oupa kry sy trekklavier en sing 'n liedjie wat presies vertel wat met Kaptein Krulbaard en sy bemanning gebeur het.

Kaptein Krulbaard is op soek na die Sleutel van Siele. Basjan en Matilda beraam 'n plan om die seerowers te vang. ’n Polisiekonstabel ondervra Pa Van Der Brander. Pa bevestig hulle was tussen die twee eilande Barbados en Jamaika tydens die stroping.

Grootgaapbaai se mense is nou vreesbevange vir seerowers. Basjan en Matilda gaan praat met juffrou Pinkie oor die Sleutel van Siele. Juffrou Pinkie vertel dat die sleutel in die lente van 1944 deur haar broer gevind is. Dit was tydens 'n militêre operasie. Matilda en Basjan leen die Sleutel van Siele by juffrou Pinkie.

Die spookseerowerskip, die Swart Rot, maak sy verskyning. Oupa stuur 'n perkamentrol na die Swart Rot. Basjan en Matilda roei met 'n roeiboot na die Swart Rot en ná ’n groot geveg, kry die spookseerowers 'n greep op die Van Der Branders se skip, die Swart Tier.

Oupa Van Der Brander wil 'n ooreenkoms met Kaptein Krulbaard aangaan. Kaptein Krulbaard en sy bemanning wil die Sleutel van Siele hê, sodat niemand hul na die seerowers se begraafplaas toe kan stuur nie.

Basjan en Matilda vind die buit van Grootgaapbaai op die Swart Rot. Iemand skiet 'n koeël verby Basjan se kop en hy besef hy is nie alleen op die Swart Rot nie. Basjan en die boggelrugman maak reg vir 'n tweegeveg, maar Kaptein Krulbaard wil self met Basjan afreken.

Bene spring teen die kant op en gebruik die mossels om teen die Swart Rot op te klim. Bene kry die Sleutel van Siele by Basjan en verdwyn deur ’n luik. Matilda oorweeg om eerder terug na die Swart Tier te swem, maar besluit om vir Basjan te gaan soek. Matilda wil nie in die geskutdek wees nie.

Die spookseerowers sien die roeiboot langs die Swart Rot. Hulle het Matilda reeds gesien. Kaptein Krulbaard soek die Sleutel van Siele by Matilda. ’n Groot kis agter Matilda vang Basjan se oog. Matilda sluit die kis oop en gebruik al haar kragte om dit oop te kry. Die Kis van Siele begin die seerowers insluk. Dis nog pikdonker en die Swart Rot verdwyn onder die golwe.

Bene is op die roeiboot saam met Grootgaapbaai se skatte. Die amfibiese jeep kom tot Basjan en Matilda se redding. Die Van Der Branders neem Grootgaapbaai se skatte asook vir Matilda terug huis toe.

## DIE BOEK SE OMSLAG

**Kyk na die boek se voorblad. Bespreek dan die volgende vrae in groepe:**

1. Wie is die skrywer van die boek?

   ______________________________________________________________________________

2. Beskryf die prentjie wat jy in die volmaan sien.

   ______________________________________________________________________________

3. Maak 'n lysie van items wat alles met seerowers te doen het.

| | | |
|---|---|---|
| • | • | • |
| • | • | • |
| • | • | • |

**Kyk nou na die boek se rugkant. Gesels nou verder in groepe.**

4. Wat beteken die klein illustrasie/prentjie van die kopbeen op die rugkant? (Dit verskyn ook op die boek se agterblad.)

   ______________________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________________

5. Waarom dink jy is die titel in wit gedruk?

   ______________________________________________________________________________

6. Dink jy die twee kleure (swart en rooi) trek jou aandag as die boek op die rak staan? Hoekom sê jy so?

   ______________________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________________

**Lees die agterblad van die boek. Bespreek dan die volgende vrae daaroor:**

7. Wat is die werk van die outeur/skrywer in die skep van 'n storie?

   ______________________________________________________________________________

8. Wie is die uitgewer van die boek?

   ______________________________________________________________________________

9. Waar kan jy meer uitvind oor die uitgewer se geïllustreerde fiksie?

   ______________________________________________________________________________

## ELEMENTE IN DIE BOU VAN DIE VERHAAL

Elke verhaal moet sekere eienskappe bevat om 'n goeie storie te wees. Ons gaan na die belangrikste elemente kyk en dit bespreek.

Dit is belangrik om te weet dat die skrywer en verteller twee verskillende mense is.

- Die skrywer het die storie/verhaal geskryf.
- Die verteller vertel die storie, dus het die skrywer 'n stem aan die verteller gegee.

**VERTELLER**

In die verhaal kry ons 'n **alwetendeverteller**. ’n Alwetendeverteller weet wat elke karakter dink en voel. Hierdie verteller vertel die storie soos hy/sy dit sien of beleef. Byvoorbeeld: ***Hy** vat gulsige happe van **sy** . . .*

**RUIMTE**


Die **ruimte** van 'n verhaal is waar die verhaal afspeel, waar alles plaasvind. *Die Seerowers en die spookskip* speel grootliks in Grootgaapbaai af, maar sekere tonele speel in die museum, juffrou Pinke se huis, Die Swart Tier en die Swart Rot af.

**INTRIGE**

Die **intrige** van 'n verhaal is die storielyn. Dit is hoe die verhaal geskryf word en hoe dit ontwikkel van een punt tot die volgende. Elke storielyn/intrige word volgens die volgende bou geskryf.

**BOU VAN 'N VERHAAL**

'n Storie/verhaal bestaan uit verskillende fases en kan soos volg voorgestel word.



**1. Uiteensetting**

In die **uiteensetting** leer ons karakters ken en neem kennis van sekere belangrike agtergrond en inligting.

In die Proloog, Hoofstuk 1 en Hoofstuk 2 leer ons baie detail/besonderhede ken.

- Ons leer ken vir Matilda, Basjan en neem kennis van die spookseerowers wat Grootgaapbaai beroof het.

**2. Motoriese moment**

Die **motoriese moment** is soos 'n motor wat aangeskakel word. Alles begin nou beweeg na 'n rigting (die hoogtepunt).

- In Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4 sien ons dat die storie begin beweeg. Hier gebeur die dinge en plaas alles (storielyn) in beweging.
  - Die polisie weet dat elke rooftog tydens volmaan plaasgevind het. Dit laat ons wonder wat tydens die volgende volmaan gaan gebeur.
  - Die Grootgapers wil al hul skatte beveilig en Juffrou Pinkie se huis is propvol waardevolle skatte. So ook die grootste skat: die Sleutel van Siele.

**3. Ontwikkelingsfase**

In die **ontwikkelingsfase** begin die nodige konflik (innerlik of uiterlik) ontwikkel. Daarmee bedoel ons dit neem nou vorm aan deur middel van botsing wat tussen karakters plaasvind of die hoofkarakter wat oor iets bekommerd is. Alles bou op tot die krisisfase.

In Hoofstuk 5-9 begin die detail ontwikkel. Dit laat die leser wonder wat volgende gaan gebeur, en so maak dit ons deel van die opbou na die krisisfase. Alles draai om die Sleutel van Siele en die aankoms van die seerowers in Grootgaapbaai.

- Hoofstuk 5: Die Swart Tier kom in Grootgaapbaai aan, almal wonder of dit die seerowers is wat hul museum beroof het, maar dit is Matilda se beste vriend en sy familie.
- Hoofstuk 6: Oupa sing 'n liedjie wat ons baie leer oor Kaptein Krulbaard en wat met sy bemanning gebeur het. Hier kry ons baie belangrike inligting oor die spookseerowers.
- Hoofstuk 7: Matilda en Basjan beraam 'n plan om die spookseerowers vas te trek (te vang) en die polisie ondervra die Van Der Brander-gesin oor hul doen en late.
- Hoofstuk 8: Basjan en Matilda gaan kuier by Juffrou Pinkie om meer uit te vind oor die Sleutel van Siele en waar sy dit gekry het.
- Hoofstuk 9: Dit is volmaan en die spookskip, die Swart Rot, kom in Grootgaapbaai aan.

**4. Krisisfase**

Die **krisisfase** sê presies wat hier gebeur. Daar vind 'n krisis plaas. ’n Probleem moet opgelos word.

In Hoofstuk 10-13 vind daar baie konflik plaas. Karakters bots/verskil van mekaar.

- Hoofstuk 10: Oupa en Kaptein Krulbaard stry en baklei met mekaar, want Oupa stel 'n voorwaarde aan Kaptein Krulbaard.
- Hoofstuk 11: Basjan en Matilda klim op die Spookseerowerskip. Hulle vind Grootgaapbaai se skatte. Hulle dink hulle is alleen, maar . . .

- Hoofstuk 12: Basjan raak in sy eerste tweegeveg betrokke. Ons leer dat hy nie ondervinding het nie, maar baklei met alles in hom. Kaptein Krulbaard wil met Basjan afreken.
- Hoofstuk 13: Basjan is vas en Matilda klim op die Swart Rot om haar self veilig te hou.

**5. Klimaks (Hoogtepunt)**

In die **klimaks** bou alles op tot 'n punt. Hier gaan die verhaal draai na 'n positiewe of negatiewe kant. Of die held gaan wen of nie/die probleem word opgelos of nie.

- In Hoofstuk 14: Matilda vind die Kis van Siele, Bene help om die Sleutel van Siele terug te kry en Matilda kry die Kis oop.

**6. Ontknoping**

In die **ontknoping** neem die verhaal af. Die storielyn begin afsluit.

- In Hoofstuk 15 word Grootgaapbaai se skatte aan hul terug gegee. Matilda word as die held gesien.

**KARAKTERS**

Karakters help om die storie lewendig te maak. Die storie draai om die hoofkarakter en sonder karakters is daar nie regtig 'n storie nie.

Ons leer ken ’n karakter deur die vier KARAKTERISERINGSTEGNIEKE, naamlik:

- Wat die skrywer vir ons vertel/sê.
- Wat die karakter self sê.
- Hoe die karakter reageer/optree in situasies.
- Wat ander karakters van die karakter hoofkarakter of newekarakters/hulpkarakters sê.

Karakters word ook in TWEE groepe verdeel, nl.:

**Hoofkarakter**

Die hoofkarakter is die karakter waarom die storie/gebeure draai. Hierdie karakter is ook die held in sommige verhale. Byvoorbeeld: Matilda(die held) en Basjan

**Newekarakter**

Die newekarakter is ons “hulpkarakter”. Hierdie karakter help die hoofkarakter om as die held op te tree. Byvoorbeeld: Kaptein Krulbaard

## Karakters in die verhaal

Elke verhaal het verskillende karakters wat die storielyn interessant maak. Elke karakter het ook bepaalde karaktereienskappe en karaktertrekke.

Die volgende tabel is gedeeltelik ingevul, hou die tabel byderhand soos die leerders die boek lees en laat hulle dit aanvul en/of die hoofstukke/bladsynommers/aanhalings by elke karaktereienskap of karaktertrek neerskryf.

- **Karaktereienskappe**: Innerlike eienskappe soos om dapper te wees.
- **Karaktertrekke**: Uiterlike eienskappe soos donker hare.

| **Matilda** | **Basjan** | **Bene** |
|---|---|---|
|  |  |  |
| • Hoofkarakter<br>• . . . | • Seerower; Matilda se beste vriend<br>• . . . | • Basjan se hond<br>• . . . |
| **Karaktereienskappe** | **Karaktereienskappe** | **Karaktereienskappe** |
| • Versot op seerowers<br>• Grootgaapbaai se heldin<br>• Dapper<br>• Behulpsaam<br>• . . . . | • Dapper<br>• Avontuurlustig<br>• Ongeduldig<br>• . . . | • Getrou<br>• . . . |
| **Karaktertrekke** | **Karaktertrekke** | **Karaktertrekke** |
| • Blond<br>• . . . | • Haasbek<br>• . . . | • Een hout been<br>• . . . |

| Oupa Van Der Brander | Kaptein Krulbaard | Juffrou Pienkie |
|---|---|---|
|  |  |  |
| • Seerower<br>• Ken Kaptein Krulbaard se storie/geskiedenis<br>• . . . | • Mees gevreesde seerower<br>• Plunder Grootgaapbaai<br>• Op soek na die Sleutel van Siele<br>• . . . | • Amper 100 jaar oud<br>• Het die Sleutel van Siele<br>• . . . |
| **Karaktereienskappe** | **Karaktereienskappe** | **Karaktereienskappe** |
| • Knoetserig<br>• . . . | • Nie geduldig nie. bl. 95<br>• . . . | • Opgaarder<br>• Verstrooid<br>• . . . |
| **Karaktertrekke**: | **Karaktertrekke**: | **Karaktertrekke**: |
| • Baie oud; Speel konsertina<br>• Het ’n haakhand<br>• . . . | • Welige, lang baard bl. 94<br>• Reusehand, geweldige gewig (hfst. 12)<br>• . . . | • Dra bril<br>• Loop moeilik want sy benodig ’n kierie<br>• . . . |

| Arnoldus Ginnegaap | Pa Van der Brander | Knoetsie |
|---|---|---|
|  |  |  |
| • Veiligheidswag<br>• Eerste persoon om die seerowers te gewaar.<br>• Blokkiesraaiselkampioen<br>• Hy hou nie van die donker nie.<br>• . . . | • Basjan se pa<br>• . . . | • Basjan se klein sussie<br>• . . . |
| **Karaktereienskappe**: | **Karaktereienskappe**: | **Karaktereienskappe**: |
| • Gemaklik<br>• . . . | • Bang vir Kaptein Krulbaard<br>• . . . | • Verwoestende streek<br>• Uitgesproke<br>• Vreesloos<br>• . . . |
| **Karaktertrekke**: | **Karaktertrekke**: | **Karaktertrekke**: |
| • Hy hou van lekker eet.<br>• . . . | • Het ’n snor<br>• . . . | • Hou van sing<br>• . . . |

# TYDENS LEES

## Proloog

**OPSOMMING**

Die proloog is 'n inleiding/aanduiding waarin die situasie aan die begin van die boek verduidelik word. Met ander woorde sê wat gebeur het of gaan gebeur. Dit gee vir ons belangrike inligting en ons moet onthou dat die karakters in die boek nie van hierdie inligting weet nie.

**RUIMTE**

- Grootgaapbaai

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Lees die volgende sin:

> Die spookseerowers kom saans uit wanneer dit baie donker is.

a) Is die sin **waar** of **onwaar**?

______________________________________________

b) Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________

2. Noem **twee dinge** wat die seerowers van mense steel.

______________________________________________

3. Die seerowers is op soek na iets:

a) Waarna soek hulle spesifiek?

______________________________________________

b) Waarmee word hierdie voorwerp vergelyk?

______________________________________________

4. Skryf **twee name** neer wat die een seerower sy mede-seerowers noem.

______________________________________________

5. Die seerowers het ook gevaarlike wapens. Watter **twee wapens** word genoem?

______________________________________________

6. Die seerowers ruik nie baie lekker nie. Waarna ruik die seerowers?

______________________________________________

## HOOFSTUK 1: Die museum

**OPSOMMING**

- Arnoldus Ginnegaap sit en geniet sy koppie tee.
- Hy hoor geluide in die stegie.
- Die stegiekamera tel geen beweging op nie.
- Hy gewaar seerowers in die museum.

**KARAKTERS**

- Arnoldus Ginnegaap – veiligheidswag by die museum en hou van blokkiesraaisels.

**RUIMTE**

- Grootgaapbaai se museum

**LITERÊRE TERME**

**Klanknabootsing**: Dit is die verskynsel wanneer ons klanke wat ons hoor namaak met ons stemme. Byvoorbeeld: *Die bye zoem. Die deur kraak*.

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Gee **twee redes** wat bewys dat Arnoldus Ginnegaap sy werk as veiligheidswag baie geniet.

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

2. Hoekom, dink jy, word die klanke (**KRAAK! KLINK! DOEF!)** op bladsy 15 nagemaak?

   ______________________________________________________________________

3. Lees die volgende sin:

   | Arnoldus is nie baie lus om te gaan kyk waar die geluid vandaan kom nie. |
   |---|

   a) Is hierdie sin **waar** of **onwaar**?

   ______________________________________________________________________

   b) Gee 'n rede vir jou antwoord.

   ______________________________________________________________________

4. Waarom waarsku sy vrou dat hy nie meer sy broek kan toekry nie?

   ______________________________________________________________________

   ______________________________________________________________________

5. In watter tydskrif/koerant verskyn die blokkiesraaisels wat hy invul?

_______________________________________________________________________________

6. Hoekom dink jy hakkel Arnoldus op bladsy 17?

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

## TAALVRAE

1. Voltooi die volgende sinne deur die korrekte vorm van die skuinsgedrukte woord in te vul:
   a) Arnoldus vat gulsige happe, hy is dus *gulsige*. ___________________________________
   b) Die krummels is droog, dit is *droog* krummels. _________________________________
2. Lees die volgende sin:

| |
|---|
| Arnoldus is baie lui. |

   a) *Lui* kan ook 'n **ander betekenis** hê. Maak 'n sin met die woord *lui* sodat die betekenis verskil van die woord in die boonste sin.

   ___________________________________________________________________________

   b) As die woord *lui* **ontrond** word, word dit as *lei* of *ly* gespel. Maak nou sinne met elkeen van hierdie woorde.

   Lei: _______________________________________________________________________

   Ly: ________________________________________________________________________

3. Skryf die meervoud en verkleining van die volgende woorde in die tabel neer.

| | **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|---|
| a) | beheerkamer | | |
| b) | kat | | |
| c) | stegiekamera | | |

## HOOFSTUK 2: Die nuus

**OPSOMMING**

- Gaap-TV bevestig dat Grootgaapbaai se museum geplunder is.
- Die sekuriteitskameras toon geen teken van die inbrekers nie.
- Matilda eet Skedelvlokkies en luister na die radio.
- Matilda skryf 'n brief aan haar beste vriend Basjan om uit te vind hy iets van die inbrake weet.

**KARAKTERS**

- Kaptein Kleitrap - Polisieman
- Matilda – sy hou van seerowers
- Basjan – seerower en Matilda se beste vriend

**RUIMTE**

- Gaap –TV
- Grootgaapbaai se museum

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Skryf die name neer van die twee koerante van Grootgaapbaai.

   ________________________________ en ____________________________________

2. Lees die volgende sin:

   | Daar is nie baie berigte in die koerant na die reeks inbrake nie. |
   |---|

   a) Is die sin **waar** of **onwaar**?

   ______________________________________________________________________

   b) Gee redes vir jou antwoord.

   ______________________________________________________________________

3. Kaptein Kleitrap sê op bladsy 21 "Ons is dronkgeslaan". Wat bedoel hy met hierdie uitdrukking?

   ______________________________________________________________________

4. Lees die ooggetuie, Drikus Benepe, se weergawe op bladsy 22.

   a) Watter afleiding kan jy oor Drikus maak?

   ______________________________________________________________________

b) Dink jy die polisie en ander mense sal hom glo?

______________________________________________________________________

c) Gee redes vir jou antwoord.

______________________________________________________________________

d) In watter straat bly Drikus en Hendrina Benepe?

______________________________________________________________________

5. Drie van die volgende antwoorde is korrek. Omkring die antwoord wat NIE korrek is NIE.
   a. Die sekuriteitskameras toon geen teken van die inbrekers nie.
   b. Die museum is leeg gestroop van alle waardevolle artikels.
   c. Geen vingerafdrukke of ander spore van die seerowers is gevind nie.
   d. Die museum is helder oordag geplunder.
6. Wat eet Matilda vir ontbyt?

______________________________________________________________________

7. Waar het die argeologiese opgrawings plaasgevind?

______________________________________________________________________

8. Hoekom, dink jy, is dit nodig dat die Grootgapers kalm bly?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## TAALVRAE

1. DIE GROOTGAPER se opskrif is “SOEK NA WOORDE”. Skryf 'n **intensiewe vorm** vanuit DIE GAAPGENOOT se opskrif neer as *jy nie woorde het om iets te beskryf nie*.

______________________________________________________________________

2. Skryf die volgende woorde voluit soos dit op bladsy 22 voorkom.
   a) Ek’t: ______________ b) Hulle’t: ______________ c) Sy’t: ______________
3. Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede:

| |
|---|
| Drikus sê: “My vrou wou my nie glo nie.” |

______________________________________________________________________

## HOOFSTUK 3: Paniek!

**OPSOMMING**

- Daar heers paniek in Grootgaapbaai.
- Die Grootgapers doen alles in hul vermoë om hul skatte veilig te hou.
- Die dorp se slotte is uitverkoop en die Grootgapers soek ander maniere om hul huise veilig te hou.
- Kaptein Kleitrap weet dat alle gevalle tydens volmaan plaasgevind het.

**KARAKTERS**

- Juffrou Pinkie – amper 100 jaar oud

**RUIMTE**

- Grootgaapbaai
- Juffrou Pinkie se huis

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Hoekom, dink jy, loop die inwoners met hul waardevolle artikels rond?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Kyk na die illustrasie op bladsy 27.**

2. Wat het 14 Mei gebeur?

______________________________________________________________________

3. Hoekom is dit belangrik om te weet wanneer die "volgende volmaan" is?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Hoe lank terug het die vorige inbraak plaasgevind?

______________________________________________________________________

5. Waarom, dink jy, is Arnoldus Ginnegaap se foto ook teen die inligtingsbord?

______________________________________________________________________

6. Wie is die persoon wat met die drie polisiemanne praat?

______________________________________________________________________

7. Wat, dink jy, beteken die gesegde *agter slot en grendel*?

______________________________________________________________________

8. Waarom is die Grootgapers desperaat om by die superwinkel uit te kom?

_______________________________________________________________________

9. Wie is Mevrou Petronella Wys?

_______________________________________________________________________

10. Maak 'n lysie van vier verskillende maniere hoe die Grootgapers hul huise beveilig.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

11. Hoe oud is Juffrou Pinkie en waar bly sy?

_______________________________________________________________________

___________________________________________________________________

**TAALVRAE**

1. Lees die volgende sinne en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| (a) *Die bank se deure is gesluit*. Al die persoonlike (b) *kluis* is ook (c) *baie vol* . (d) *Meneer* Mor is (e) *liewer bang Jan as dooie Jan*. Hy bly in (f) *nommer* (g) *34*. (h) *Juffrou* Pinkie is al amper (i) *honderd jaar* oud. |

a) Skryf die sin in die **ontkenning**. Begin jou sin as volg:

*Nee, die* bank ________________________________________________________

b) Skryf die **korrekte vorm** van die woord neer. ______________________________

c) Skryf as **een woord** neer. ____________________________________________

d) Gee die korrekte **afkorting**. ___________________________________________

e) Verduidelik wat met die **uitdrukking** bedoel word. ___________________________

_______________________________________________________________________

f) Skryf die korrekte **afkorting** neer. ______________________________________

g) Skryf in **woorde**. ____________________________________________________

h) Kies die korrekte **afkorting**. Maak 'n regmerkie (✓) by die regte antwoord.

Juf. _____ Juff. _____ Jufr. _______

i) Skryf as 'n **getal**. ____________________________________________________

## HOOFSTUK 4: Juf. Pinkie

**OPSOMMING**

- Juffrou Pinkie wil nie hê die seerowers moet haar broer se oorlogsmedaljes steel nie.
- Sy gaan al haar skatte in haar kelder wegbêre.
- Matilda gewaar 'n vreemde sleutel in juffrou Pinkie se sleutelkas.
- Basjan het laat weet dat hy op pad Grootgaapbaai toe is.

**KARAKTERS**

- Juffrou Pinkie – amper 100 jaar oud
- Matilda

**RUIMTE**

- Juffrou Pinkie se huis

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Wat mag die seerowers nie by juffrou Pinkie steel nie?

   ______________________________________________________________________

2. Juf. Pinkie gaan "alles wat kosbaar is" veilig wegbêre.

   a) Waar gaan juffrou Pinkie alles bêre? ______________________________________

   b) Wie is Snoesie? ______________________________________________________

   c) Watter belangrike werk moet Snoesie doen? _________________________________

   d) Dink jy Snoesie gaan die werk goed kan doen? ______________________________

   e) Gee redes vir jou antwoord by (d). ________________________________________

   ______________________________________________________________________

3. Gebruik die onderstaande omskrywing vanuit die *Pharos Verklarende Woordeboek* en beskryf in jou eie woorde wat jy dink 'n *luik* is in die volgende sin.

   "Ek gaan sy mandjie bo-op die *luik* neersit."

> **Verklarende Afrikaanse Woordeboek**
> **luik**[1] **luik**[1] s.nw. [luike] **1** Plankvenstertjie waarmee 'n opening in 'n muur gesluit word. **2** Opening in 'n vloer of 'n plafon. **3** Hortjie; hortjiesraam voor 'n venster. **4** Draaibare paneel van 'n skildery.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Hoe verskil Juffrou Pinkie se huis van die ander inwoners se huise?

______________________________________________________________________

5. Wie is Stefanus? ______________________________________________________

6. Stel 'n lys van al die skatte in juffrou Pinkie se huis op.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. By wie het juffrou Pinkie haar tiara gekry?

______________________________________________________________________

8. Hoekom vang een spesifieke sleutel Matilda se oog?

______________________________________________________________________

## Taalvrae

Gebruik die volgende woordeboekuittreksel vanuit die **Pharos Junior Tweetalige woordeboek** om die vrae te beantwoord.

**skat**[1] **(sk<u>a</u>t)** [ skatte; skatjie] ***noun*** *(soortnaam)*
**1** treasure ♦ *Die duiker het 'n* ***skat*** *van ou munte in die skeepswrak ontdek.* The diver discovered a **treasure** of old coins in the sunken shipwreck. **2** (*informal*) darling, sweetheart ♦ *"Jy's 'n* ***skat*** *om my so geduldig te help."* "You're a **darling** for helping me so patiently."
**skatkis** *noun* treasure chest
**skat**[2] **(sk<u>a</u>t)** [ het geskat] *hoof**werkwoord***
**1** estimate ♦ *Die organiseerders* ***skat*** *dat daar omtrent 5 000 mense by die fees sal wees.* The organisers **estimate** that there will be about 5 000 people at the festival. **2** judge ♦ *"Kan jy die werklike grootte van die veld* ***skat****?"* "Can you **judge** the actual size of the field?" **3** gauge ♦ *Dis moeilik om te* ***skat*** *watter impak die staking op die ekonomie sal hê.* It's hard to **gauge** what impact the strike will have on the economy.
**skatting** *noun* estimate

1. Lees die volgende sin.

“Ja, dankie, *skat*,” sê juf. Pinkie en Matilda vat aan die een kant van die boks om haar te help dra.

a) As watter woordsoort is “skat” in hierdie sin gebruik? ________________________

b) Die woord “skat” het twee verskillende betekenisse. Kies die regte antwoord tussen hakies: Hierdie tipe woorde word (homofone/homonieme) genoem.

c) Skryf 'n voorbeeld van 'n samestelling neer waarin die woord “skat” voorkom.

______________________________________________________________________

## HOOFSTUK 5: Die Swart Tier

**OPSOMMING**

- Matilda wag vir Basjan by die hawe.
- Basjan se oupa ken die seerowers wat Grootgaapbaai moontlik geplunder het.
- Basjan se pa sal Matilda later huis toe neem.

**KARAKTERS**

- Matilda
- Basjan en Bene (Basjan se hond)
- Knoetsie – Basjan se klein sussie

**RUIMTE**

- Grootgaapbaai se hawe
- Die Swart Tier

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Hoe laat en waar wag Matilda vir Basjan?

   ____________________________________________________________________________

   ____________________________________________________________________________

2. Hoekom het Matilda se pa saam dorp toe gekom?

   ______________________________________________________________________________

   _________________________________________________________________________

3. Wat is Basjan se skip se naam?

   ____________________________________________________________________________

4. Waar is Basjan en Bene op die skip?

   ____________________________________________________________________________

5. Wie is almal saam met Basjan op die boot?

   ____________________________________________________________________________

6. Watter tipe seevaarders is Basjan en sy gesin?

   ____________________________________________________________________________

## HOOFSTUK 6: Oupa vertel

**OPSOMMING**

- Matilda gee vir Oupa Van Der Brander 'n koerantuitknipsel.
- Oupa sê dit is Kaptein Krulbaard, en sy bemanning was die mees gevreesde seerowers.
- Oupa kry sy trekklavier en sing 'n liedjie wat presies vertel wat met Kaptein Krulbaard en sy bemanning gebeur het.
- Kaptein Krulbaard is op soek na die Sleutel van Siele.

**KARAKTERS**

- Oupa Van Der Brander – Basjan se oupa, seerower
- Kaptein Krulbaard – gevreesde seerower, dood

**RUIMTE**

- Die Swart Tier

### KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Wat gee Matilda vir oupa Van Der Brander ?

   ______________________________________________________________________

2. Hoe het Kaptein Krulbaard bekend gestaan?

   ______________________________________________________________________

3. Wat is Kaptein Krulbaard se skip se naam?

   ______________________________________________________________________

4. Wat, dink jy, beteken *rampspoedige* op bladsy 55,paragraaf 2?

   ______________________________________________________________________

5. Watter instrument gebruik oupa om homself te begelei?

   ______________________________________________________________________

6. Oupa sing 'n liedjie oor wat met kaptein Krulbaard en sy bemanning gebeur het.

   a) Hoe lank het die geveg geduur? ____________________________________________

   b) Watter vier dinge is al wat die soekgeselskap kon kry?

   ______________________________________________________________________

   c) Wat was alles in die skatkis?

   ______________________________________________________________________

d) Waarom kon hulle nie die skatkis loskry nie?

_______________________________________________________________________

e) Waarom soek die bemanning na 'n sleutel?

_______________________________________________________________________

f) Wat is die sleutel se naam? ________________________________________________

7. Voltooi die volgende sin:

Kaptein Krulbaard en sy bemanning is nie gewone seerowers nie, maar . . .

_______________________________________________________________________

## TAALVRAE

1. Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Oupa sê vir Matilda: "Ek hoor jy't 'n probleem met seerowers?" |

a) Skryf die bostaande sin in die indirekte rede.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

b) Skryf die onderstreepte woord voluit.

_______________________________________________________________________

2. Voltooi die volgende tabel met die korrekte antwoorde.

| **Enkelvoud** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| Oupa | | |
| probleem | | |
| | seerowers | |
| skatkis | | |

3. Skryf die betekenis van die volgende uitdrukking wat in die hoofstuk voorkom:

| |
|---|
| Boontjie kry sy loontjie |

_______________________________________________________________________

## HOOFSTUK 7: 'n Plan

**OPSOMMING**

- Basjan en Matilda beraam 'n plan om die seerowers te vang.
- ''n Polisiekonstabel ondervra Pa van der Brander.
- Pa bevestig hulle was tussen die eilande Barbados en Jamaika tydens die stroping.
- Grootgaapbaai se mense is nou allergies vir seerowers.

**KARAKTERS**

- Meneer Van Der Brander – Basjan se pa, Kaptein
- Knoetsie – verwoestende streep

**RUIMTE**

- Die Swart Tier (Die kaptein se kajuit)

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Kyk na die volgende illustrasie in hierdie hoofstuk. Beantwoord die daaropvolgende vrae.



a) Wie is die twee karakters? ________________________________________________

b) Waar sit hulle en werk? ___________________________________________________

c) Waarmee is hulle besig? __________________________________________________

d) Hoe lank is hulle al besig? _______________________________________________

e) Hoeveel koekies het hulle saam opgeëet?______________________________________

2. Wie verdink die polisie was die skuldiges na die reeks inbrake?

_______________________________________________________________________

3. Waar was die Van Der Brander-gesin met die vorige volmaan?

_______________________________________________________________________

4. Hoekom, dink jy, het die konstabel die Van Der Branders ondervra?

_______________________________________________________________________

5. Wat, dink jy, beteken *allergies* vir seerowers op bladsy 67?

_______________________________________________________________________

6. Waarmee is die Van Der Branders dorp toe?

_______________________________________________________________________

7. Waar is Matilda se ma?

_______________________________________________________________________

## TAALVRAE

1. Lees die volgende sin en beantwoord die vrae wat volg.

“Ja, daardie (a) *mislike* seehond, Bloedbaard self. Ek is b) *seker* die c) *papbroek* van ’n blikskottel sal vir my ’n d) *alibi* gee, as dit jou seile sal laat bol staan. Ek kan vir jou sy e) *e-posadres* gee. Of ek dink my vrou het dalk sy f) *selfoonnommer*.

a) Skryf 'n **sinoniem**. ___________________________________

b) Skryf 'n **antoniem**. ___________________________________

c) Hoe verskil die betekenis as die skuinsgedrukte woord as *pap broek* (twee aparte woorde) geskryf word? Maak 'n sin om te verduidelik.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

d) Skryf die **meervoud** en **verkleining** neer: ____________________________________

e) Waarvoor staan die “e” in hierdie woord? ___________________________________

f) Skryf die **afkorting** van *nommer*. ___________________________________________

## HOOFSTUK 8: Die Sleutel van Siele

**OPSOMMING**

- Basjan en Matilda gaan praat met juffrou Pinkie oor die Sleutel van Siele.
- Juffrou Pinkie vertel dat die sleutel in die lente van 1944 deur haar broer gevind is. Dit was tydens 'n militêre operasie.
- Matilda en Basjan leen die Sleutel van Siele by juffrou Pinkie.

**RUIMTE**

- Juffrou Pinkie se huis

## KONTEKSTUELE VRAE

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Waarom is juffrou Pinkie se sitkamer só warm? ___________________________________

2. Lees die volgende sin.

